

## SEE SKATKIS ONTSLUIT WAARDE VIR WESKUS GEMEENSAP



*Marco Barbary (links) en Ivan Don (regs) maak reg vir die kreefseisoen.*

Marco Barbary (48) is 'n Weskus man in murg en been. Nes sy pa en oupa voor hom, vloei seewater deur sy are en voer hy 'n bestaan deur die see se skatte – hetsy kreef, snoek of diamante – te ontgin.

Dou voor dag staan hierdie seeman op; in kreefseisoen wat van Oktober tot April strek, lê sy nette met die hulp van mede-seeman Ivan Don, reeds voor 07:00 in die water. Lank voor die seisoen sluit, is sy 807 kg kwota kreef alreeds bereik en verleen hy dan hulp aan ander gelisensieerde kreefvangers in die gebied.

Marco vang reeds 12 jaar kreef en snoek in die omgewing van Hondeklipbaai waar sy wortels diep geplant is. “Ek het by my oupa en ouma grootgeword. My oupa was 'n skeepsbouer. Hy't destyds in Hondeklipbaai vir Oceana 'n boot gebou wat na hom vernoem is – die John Barbary,” deel hy trots.

Dis dié dat hierdie passievolle visserman nie suinig is om sy sukses met die Hondeklipbaai-gemeenskap te deel nie. Hy is lid van Marais Gedenk Laerskool se skoolraad en loods een van die dae, in samewerking met die Onderwysdepartement en West Coast Resources 'n Wiskundeprojek by die skool. Die Departement dra tabletrekenaars tot die projek by, West Coast Resources het onderneem om die skottelsein te verleng en Marco gaan die rekenaarprogrammatuur skenk. Sy vrou is ook aktief in die gemeenskap betrokke en is werksaam by die plaaslike kliniek as HIV-berader.

“Daar is 'n tendens in die gemeenskap om alewig met maatskappye te baklei. Ek wil die gemeenskap motiveer deur te sê: gesprekvoering maak alles moontlik,” maan Marco. “Deur verhoudinge te bou, hetsy met die regering of maatskappye, gaan deure oop.”

Daar bestaan 'n goeie verstandhouding tussen Marco en albei mynmaatskappye in die omgewing – West Coast Resources en Trans Hex.

De Beers het destyds vir Marco toestemming gegee om sy bote uit hul diamantmyng gebied te loots en 'n bootlootsgebied is toe by Noup verklaar met die goedkeuring van die Departement Landbou, Bosbou en Visserye. Toe West Coast Resources in 2014 by De Beers oorneem, het dié mynmaatskappy ook Marco se bedrywighede goedgekeur en nog voor die kreefseisoen daardie jaar afgeskop het, was die papierwerk in orde en toegang gereël.

In Hondeklipbaai het Trans Hex onlangs instandhoudingswerk op die kreefstootenke se watertoevoer uitgevoer voor die aanvang van die kreefseisoen. Die kreefvangs word in hierdie tenke gestoor tot dit in grootmaat, eers na Port Nolloth, en dan na Kaapstad vervoer word. Die kreef wat Marco vang word hiervandaan uitgevoer vir internasionale verbruik.

Ten spyte van spekulاسie oor die volhoubaarheid van die kreef- en visbedryf in die gebied, is Marco dit eens dat daar niks met die seelewe skort nie. “Ek het nog nie ’n seisoen kreef in die water gelaat wat ek nie kon uithaal nie en ek is nog nooit deur mynboubedrywighele beïnvloed nie.”

Afseisoen vang Marco snoek of werk hy as diamantduiker by De Punt in die Wes-Kaap.

Dis duidelik dat sy harde werk vrugte afwerp, vir hom en sy gemeenskap, maar daar is klomp bestandele in sy suksesresep. “Oor die jare leer mens hoe om blywende menseverhoudinge te bou. Om te luister na wat ander mense sê en na die idees wat hulle deel,” meen Marco. “En die belangrikste: jy moet die fondasie wat jou ouers daargestel het, onthou.”